



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# **GASVRYHEIDSTUDIES**

## **GRAAD 12**

### **HERSIENINGSVRAE**

#### **KWARTAAL 4**

## **ONDERWERP: GEBRUIK VAN REKENAARS IN DIE GASVRYHEIDSINDUSTRIE**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS eksamen- vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 4 bladsye.

## VRAAG 2

### NSC NOVEMBER 2016

- 2.3 Bestudeer die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die chef de cuisine by die Hollandaise-restaurant wil die tyd wat hy aan inkopies in die dorp bestee, verminder. Hy wil eerder in die restaurantkombuis wees om die personeel te monitor.

- 2.3.1 Beveel 'n alternatiewe metode aan wat die chef de cuisine kan gebruik wanneer hy bestandsaankoop. (1)
- 2.3.2 Maak 'n lys van VIER veilige aankooppraktyke wat die chef de cuisine kan toepas wanneer hy die metode genoem in VRAAG 2.3.1 gebruik. (4)

## VRAAG 2

### FEB-MAART 2018

- 2.4 Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Amanda is onlangs as 'n kelner by 'n plaaslike hotel aangestel. Sy het jou vertel dat die hotelbestuurder haar net een kyk gegee het, haar aangestel het en haar aangesê het om onmiddellik te begin sonder dat hy 'n onderhoud met haar gevoer het of haar aan die betaalpunt('POS')-stelsel bekend gestel het.

- 2.4.1 Een van die voordele van die betaalpuntstelsel is om produktiwiteit te verhoog. (3)  
Evalueer die stelling.
- 2.5 Bespreek TWEE veiligheidspraktyke om te volg wanneer 'n produk aanlyn gekoop word. (2)

## VRAAG 2

### FEB-MAART 2017

- 2.3 'n Restaurantbestuurder oorweeg dit om die stelsel hieronder te koop. Bestudeer die foto en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Identifiseer die tipe stelsel. (1)

2.3.2 Verduidelik TWEE voordele van die stelsel hierbo. (2)

## **VRAAG 2 NOVEMBER 2017**

2.2 Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



'n Portier by 'n hotel rapporteer onmiddellik aan die ontvangspersoneel 'n handsak en sambreel wat 'n gas agtergelaat het.

2.2.2 Verduidelik hoe die voorkantoorafdeling 'n rekenaar gebruik wanneer gaste in- en uitgeteken word. (3)

## **VRAAG 2 MEI/JUNIE 2018**

2.2

2.2.1 Maak 'n lys van die inligting wat op 'n gerekenariseerde voorraadvorm ingesluit moet word. (3)

2.2.2 Verduidelik hoe die inligting in die lys in VRAAG 2.2.1 'n instansie sal bevoordeel. (3)

## **VRAAG 2 MEI-JUNIE 2019**

2.1.3 Stel voor hoe rekenaars gebruik kan word om te help om besprekings vir 'n groot aantal toeriste te maak. (3)

## **VRAAG 2**

### **NOVEMBER 2018**

- 2.3 Beskryf hoe rekenaars sjefs met spyskaartbeplanning kan help. (4)

## **VRAAG 2**

### **FEB-MAART 2016**

- 2.3 Bespreek die gebruik van rekenaars vir rekenkundige doeleindes in die gasvryheidsbedryf krities. (4)
- 2.4 Motiveer die voordele van die gebruik van rekenaars om besprekings by 'n hotel te hanteer. (2)

## **VRAAG 2**

### **FEB-MAART 2015**

- 2.4 Verduidelik die volgende: (2)  
Die rekenaar is 'n skakel tussen die kombuis en kliënte.